# Lesing 12.11.2018 - Lesing 1 - Openbaringe aan Bertha Duddde

God se sorg vir die mens

## 7540 Soek eers die Ryk van God.

Want dit is die opdrag van julle aardse lewe; om met My en My Ryk in kontak te kom, sodat die Ryk julle eens weer kan opneem wanneer julle die aarde sal verlaat. Dit is ook julle enigste opdrag, omdat al die ander hulle dan vanself sal reël, wanneer julle die moeite sal doen om aan hierdie opdrag te voldoen. Julle is in hierdie materiële wêreld geplaas om die geesteryk in hierdie aardse wêreld te soek.

Maar daar is ook 'n heerlike belofte aan julle gegee; naamlik dat julle ook in hierdie wêreld staande sal kan bly, as julle hierdie verpligting gewoonweg vervul, naamlik om eers die Ryk van God te soek.

Daar is aan julle as't ware as 'n beloning deur My toegesê. Net dit moes julle al aangespoor het om aan My dringende versoek tot julle gehoor te gee. Want die stryd om te bestaan, die sorg vir julle aardse lewe, word as te ware deur My belofte vir julle bespaar.

Julle hoef maar net sorg te maak oor die heil van julle siele en die sorg vir julle liggaamlike welsyn sal deur My oorgeneem word en alles sal vir julle gereël word, wat julle andersins groot inspanning sou gekos het, as julle dit alles self moes doen. Ek neem vir julle die sorge op My, wat die aardse lewe van julle eis, sodra julle My voorwaarde nakom, naamlik om eers na My Ryk en sy geregtigheid te strewe, dit wil sê, as julle julleself sonder beperking aan My oorgee omdat julle ingesien het dat Ek julle God en Skepper is, julle Vader van die Ewigheid af en julle weet dat daar slegs algehele geregtigheid by My bestaan, 'n lewe ooreenstemmend met die rypheid van julle siele en dat julle daarom My en My Ryk moet soek, wat nou geopen sal word vir julle wat julleself aan My oorgegee het in volle vertroue op My regverdigheid.

Julle moet slegs 'n korrekte lewe lei met die oog daarop dat julle My Ryk wil verwerf.

Julle moet strewe na 'n innige verbintenis met My.

Ek is egter nie in die wêreld te vinde nie, want My Ryk is nie van hierdie wêreld nie. Daarom moet julle jul gedagtes hemelwaarts rig, weg van die wêreld en sy verleidings. Julle moet steeds dink aan My Ryk, julle ware vaderland, wat julle eens verlaat het en waarheen julle ook eendag moet terugkeer.

Dit sal julle nooit spyt om My raad op te volg en om na My Ryk te strewe nie, want dan sal julle ook tegelykertyd van al julle aardse sorge verlos word, omdat Ek dit van julle oorneem en My sorg sal waarlik na julle uitgaan in al julle nood en begeertes. Ek sal sorg dra vir julle aardse bestaan, soos 'n Vader vir sy kinders. Ek sal julle gee wat julle materieel nodig het en Ek sal julle oorlaai met geestelike goedere in oormaat. Want sodra julle jul blik op My en My Ryk rig, kom daar ook genadegawes uit die Ryk na julle toe en die verbintenis met My sal steeds stewiger word en die aardse lewe sal julle nie meer beswaar nie. Julle sal hê wat julle nodig het, liggaamlik en geestelik.

Want julle het nou van die gevaar ontsnap om voor die wêreld en haar verleidings te beswyk, om heeltemal deur haar ten gronde te gaan. En gevolglik het julle ook van die vors van die wêreld ontkom, wat sy heerskappy oor julle verloor het, want julle het julle heeltemal bewustelik gekeer na My Ryk, wat julle nou ook ten deel geval het. Soek eers na My Ryk, al die ander sal vir julle gegee word.

Hierdie belofte moet julle aanspoor om die verbinding met My en My Ryk te soek, want dit is nog die aardse sorge wat julle dikwels teëhou, wat vir julle swaarder weeg as die sorg vir julle siele.

Maar Ek beloof julle versekerde hulp. Ek neem al julle sorge op My, mits julle My en My Ryk eerste sal soek.

En daarom kan julle heeltemal sorgloos julle aardse lewe lei wanneer julle altyd hierdie belofte vir julleself voor oë sal hou.

Maar weinig mense neem hierdie Woorde ernstig op. Hulle is egter vry van elke wêreldse las, want Ek Self bekommer My oor hulle. En Ek sal My liefdevol bekommer oor elke mens wat altyd net sal poog om My en My Ryk te verwerf. En hulle sal ook hulle doel bereik. Hy sal My vind en homself met My verenig. Hy sal sy aardse lewe nie tevergeefs lewe nie, hy sal in My Ryk opgeneem word en salig wees.

Amein